
GELOOF FAITH

In Die Woord In The Word



Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God Rom. 10:17

Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17

POSBUS 232, BALLITO, 4420 · TEL: (032) 551 1836 / 551 2419 · FAKS: (032) 552 5411

WEBSITE: www.stangerchristiancentre.com E-MAIL:stangerchristiancentre@gmail.com

Die Pasga vervul in die Heilige nagmaal

Hoe het die vroeë Kerk nagmaal gebruik? Dit is uit die Skrif duidelik dat hulle dit by hul byeenkomste of by hul huise gebruik het - maar dit was altyd tydens `n maaltyd.

Jesus het die nagmaal ingestel toe Hy en Sy dissipels die pasga gehou het.

Luk.22:7: En die dag van die ongesuurde brode het gekom waarop die pasga geslag moes word.

Wat is die pasga? Die Eerste Pasga het plaasgevind met die bevryding van God se uitverkore volk, die Hebreërs uit Egipte en slawerny. Kom ons lees **Ex.12:3: Spreek tot die hele vergadering van Israel en sê: Op die tiende van hierdie maand moet hulle elkeen `n lam neem volgens die families, `n lam vir `n huisgesin.**

Hierdie lam is geslag, voorberei en geëet. Dit moes volmaak, sonder enige gebrek, wees. In die Nuwe Testament het Jesus Christus, vlekkeloos en sondeloos, die Paas Lam geword en ons eet nog steeds van Sy vlees (simbolies) elke keer wanneer ons die nagmaal gebruik.

Ex.12:7: En hulle moet die bloed neem en dit stryk aan die twee deurposte, en aan die bo-drumpel van die huise waarin hulle dit eet. Die Bloed van Jesus red ons van die Ewige Dood.

Ex. 12: 8, 13 & 14: En hulle moet die vleis in dieselfde nag eet, oor die vuur gebraai; saam met ongesuurde brode moet hulle dit met bitter kruie eet. Maar die bloed sal vir julle `n teken wees aan die huise waarin julle is: as Ek die bloed sien sal Ek by julle verbygaan. En daar sal geen verderflike plaag onder julle wees wanneer Ek Egipte land tref nie. En hierdie dag moet vir julle `n gedenkdag wees, en julle moet dit as `n fees tot die eer van die Here vier. Julle moet dit in julle geslagte as `n ewige insetting vier.

Die pasga is deur God ingestel en Israel het dit vir die eerste keer, op die vooraand van hul vertrek uit Egipte gebruik. Hulle is beveel om dit een maal `n jaar te vier en daarmee aan te hou. Die ortodokse Jode herdenk elke jaar die wonderlike verlossing wat God vir hulle bewerk het. Alhoewel die ongeredde Jode slegs die Ou Testament erken, het die Here tog vir hulle wonderlike beloftes van seëninge en voorspoed gegee. AS JULLE NA MY WOORD LUISTER EN MY INSETTINGE HOU .. (Deut. 28:1-12). Hy sê vir ons dieselfde!

Om Sy bevele te gehoorsaam; is om te doen wat Hy in Sy Woord beveel. Die Israeliete het, wat God beveel het, nougeset uitgevoer en drie wonderlike dinge het gebeur.

Eerstens: Die nag waarop hulle vir die eerste keer die pasga gebruik het, het nie een Israeliet gesterf nie maar duisende eersgebore kinders van elke gesin in Egipte land het gesterf. Die doodsengel het by die huise verbygegaan waar die bloed van die lam aan die deurposte gesmeer was.

Tweedens: Toe die Israeliete getrek het was hulle nie arm slawe nie, maar eintlik gegoede mense.

Ex.12:35 & 36: En die kinders van Israel het gehandel volgens die woord van Moses: hulle het van die Egiptenaars silwergoed en goue goed en klere geëis; En die Here het aan die volk guns verleen in die oë van die Egiptenaars, en die het hulle versoek ingewillig. So het hulle dan die Egiptenaars berowe.

Derdens: Was daar *nie een sieke onder hierdie bykans 3 miljoen* Jode wat uit Egipte getrek het nie! Die Skrif sê so: **Toe het Hy hulle laat uitgaan met silwer en goud, en onder sy stamme waas daar niemand wat struikel nie (Ps. 105:37).** Waaraan kan ons hierdie merkwaardige toestand toeskryf? Hulle het die

(Vervolg op Bl. 2)

(Vervolg vanaf Bl. 1 - Die pasga ...)

vorige nag die paaslam geslag en die hele gesin het daarvan geëet, soos God hulle beveel het, en hulle het krag en gesondheid ontvang. Ons Paaslam - Jesus Christus is ook doodgemaak en geoffer en as ons dit gereeld onthou en deel het aan Sy vlees (die brood, simbolies), die Here se Liggaam op `n waardige wyse onderskei, sal genesing, gesondheid en krag ook deel van ons erfenis wees.

As daar dan onder die Ou Verbond sulke wonderlike beloftes van volkome genesing en gesondheid vir die volk van God was, hoeveel te meer behoort ons, onder die Nuwe Bedeling, nie dieselfde voordele te geniet nie. God se Woord sê in **Heb.8:6: Maar nou het Hy `n voortrefliker bediening verkry vir sover Hy ook Middelaar is van `n beter verbond wat op beter beloftes wettelik gegrond is.**

Siekte was deel van die vloek van die wet in die Ou Testament, maar in die Nuwe Verbond, het Jesus die vloek op Homself geneem **(Gal.3:13**). Jesus het aan ons `n Nuwe Testament gegee, `n beter verbond, gebaseer op beter beloftes en Hy het dit met Sy eie gestorte Bloed verseël. Nou kan ek en jy gesondheid, vrede, vergifnis en verlossing verkry.

Daardie nag toe die Paasfees ingestel is, het die vader van die huis pligte vervul wat deur die priesters uitgevoer is. Die vader het vir daardie geleentheid as die hoë priester van sy huis opgetree. Elke jaar gedurende die Pasga vertel die vader aan die kinders wat gebeur het toe hulle uit Egiptiese slawerny bevry is en hoedat God wonderwerke gedoen het om dit moontlik te maak.

Die Pasga is bedoel om na die koms van die Here Jesus te wys, wat DIE Paaslam sou wees, wat vir die sondes van die wêreld gedood sou word. Deur aan die Heilige Nagmaal deel te neem, sien ons Jesus Christus as die vlekkelose Pasga Lam, wat eens en vir altyd gedood is, om ons van Satan se slawerny en die ewige dood te bevry. Elke dag is die dag van Verlossing, ons Pasga, **elke dag** is `n dag om hierdie groot gebeurtenie te vier, die grootste gebeurtenis van alle tye! Die hoogtepunt van beide die Ou en Nuwe Testamente!

Dit is aanvaarbaar, om aan te neem, dat die hele gesin (kinders ingeslote) een keer `n dag met `n ete brood kon gebreek en die vrug van die wynstok kon gedrink het, ter herinnering aan die voltooide werk aan die kruis.

Die man en vader behoort sy posisie as die geestelike hoof van die gesin te aanvaar. Hierdie God gegewe gesag aan die man is God se versekering van geestelike beskerming vir die gesin.

Ons word dikwels gevra of kinders mag deelneem aan die Heilige Nagmaal, en as hulle mag, op watter ouderdom. Dit is `n interessante vraag en ek glo die antwoord lê by die Pasga maal. Die Hebreërs is deur God beveel om `n lam vir `n huisgesin te neem. Die hele huisgesin het deel gehad aan die paaslam – nie een gesinslid, wat kon eet, is uitgesluit nie. Hulle het geweet waarom hulle dit geëet het; in gehoorsaamheid aan God. Ons lees in Ex.12:14, 26 en 27 dat die Israeliete (Jode) beveel is om die Eerste Paasfees, elke jaar as `n gedagtenis (in herinnering) te hou en dit as `n voorskrif deur die geslagte heen, verewig na te kom.

Wanneer ortodokse Jode vandag nog die Pasga hou, doen hulle dit netso! Die gesinslede sit almal om die tafel en die maal word volgens `n vaste orde bedien. Die jongste kinders teenwoordig moet vrae vra wat betrekking het op die maaltyd en die betekenis van elke bestanddeel wat bedien word. Die vader vertel dan die hele verhaal van die uittog, en wat elke dis se betekenis is in die wonderlike gebeurtenis van verlossing van hul onderdrukkers en uit slawerny. Let op dat hulle aan die maaltyd deelneem "ter herinnering" aan hulle verlossing, hulle "roep dit hardop uit" en vier dit met dankbare harte teenoor God, Wie dit moontlik gemaak het. Dit is presies wat Jesus in ***1Kor.11:24-26*** gesê het dat ons moet doen, wanneer ons aan Sy kruisdood, ons groot verlossing uit die wêreld en die duiwel se slaweny dink. Met dankbaarheid, as `n gedenkteken, ter herinnering en bekendmaking van Sy dood totdat Hy weer kom. Ek glo dat die gesinne in die vroeë kerk die Heilige Nagmaal presies so gebruik het, want hulle het volgens die bevele van die Here gehandel. Die gesin het om die tafel gesit en hulle daaglikse maaltyd geniet, en die vader het die brood gebreek, gebid en God verheerlik en dit met sy vrou en kinders gedeel. Die kinders was van jongs af betrokke deur vrae te vra aangaande die breek van die brood uit dankbaarheid teenoor Vader God se liefde deurdat Hy Jesus Christus Sy enigste Seun gestuur het om vir ons gekruisig te word. Die volle betekenis en gevolgtrekkings is aan hulle verduidelik. Daarna is die beker, nadat die vader gedank het vir die gestorte Bloed van ons Here Jesus, aangestuur. Die kinders het van die verbond met Jesus Christus hul Verlosser geweet en hulle het ook van die Beker – die Bloed van Jesus geweet, wat hierdie Nuwe Verbond moontlik gemaak het. **1Kor.11:25: Net so ook die beker ná die ete, met die woorde: Hierdie beker is die nuwe testament in My Bloed; doen dit, so dikwels as julle daaruit drink, tot my gedagtenis.**

Daar was geen verwarring omtrent die nagmaal nie, want op `n baie vroeë ouderdom reeds , is hierdie Bybelse waarhede, volgens God se bevele, aan hulle vertel. Hulle het geweet wat God se bevele was. Wanneer die kinders oud genoeg was om `n persoonlike verbintenis met die Here Jesus te maak en gered is (Jesus Christus as persoonlike

(Vervolg op Bl. 3)

(Vervolg vanaf Bl. 2 - Die pasga .....)

Saligmaker te ontvang) die belangrikheid daarvan verstaan het, is hulle as gelowiges gedoop.

Dit verskil grootliks met vandag se toestand. Baie kinders word Sondagskool toe gestuur waar hulle die leerstellings van hul denominasies leer, terwyl baie van die ouers nooit kerk toe gaan nie. Hulle het ook nie gehoor van die noodsaaklikheid om `n persoonlike verhouding met Jesus Christus as Here te hê nie. Die ouers van die vroeë kerk het `n lewende verhouding met hul Hemelse Vader gehad, en kennis van Jesus Christus, waarop hulle in geloof gehandel het. Hulle het die bevele van Jesus in hulle huise uitgevoer en was lewende voorbeelde van hul geloof in Hom. Hulle was getrou aan die bevele, aangaande die nagmaal, wat die Here in Sy Woord aan hulle gegee het. Daar was geen onbybelse, mens gemaakte rituele nie.

Lewende Brood

Baie verse in die Bybel verwys na die brood en wyn en ek wil `n paar met jou deel aangaande die brood, wat die simbool is van Jesus se Liggaam wat vir ons aan die kruis gebreek is en aan ons genesing gee. Die Bloed van Jesus wat gestort is, het vir ons sondes betaal, want volgens God se Woord kan daar geen vergifnis van sonde wees as bloed nie gestort is nie. Dit is noodsaaklik vir ons verlossing. Fisiese genesing, as deel van die versoening, is dikwels afgeskeep met die Heilige Nagmaal. Die rede hiervoor is menslike tradisie en onkunde. Hoe kan ons vir genesing bid of glo as ons nie geleer is dat Jesus die prys daarvoor op Golgota betaal het nie? **Die geloof is dus uit die gehoor, en die gehoor is deur die woord vanGod (Rom.10:17).** Wanneer ons geloof opgebou is deur die waarheid van God se Woord te hoor, is ons gereed om die genesing te ontvang wat Hy begeer om aan ons te gee. Deur Jesus se wonde, wat deur die brood voorgestel word, is ons genees **(1Pet.2:24)**.

Jesus is die Lewende brood, en ons raak al meer hiervan bewus wanneer ons die volgende vier verhale oor hierdie waarheid in God se Woord lees.

1. <u>HULLE Oë IS GEOPEN</u>

Die breek van die brood bring ons nader aan Jesus en open ons geestes oë. Ons lees van die twee vriende wat na Emmaus op pad was en gepraat het oor die dinge wat gebeur het aangaande Jesus se kruisiging in **Luk. 24: 15 & 16: En terwyl hulle praat en mekaar ondervra, kom Jesus self nader en loop met hulle saam. Maar hulle oë is weerhou, sodat hulle Hom nie kon herken nie.**

Jesus het hulle uitgevra oor die onderwerp en hulle was verbaas omdat Hy nie van die gebeure gehoor het nie. Hy het toe met hulle oor die profesieë in die Ou Testament, aangaande die Messias wat vervul moes word, gepraat. Tog het hulle Hom steeds nie herken nie. **Luk.24:28-31: Daarop kom hulle naby die dorp waarheen hulle op reis was, en Hy het gemaak of Hy verder wou gaan; Maar hulle het by Hom aangedring en gesê: Bly by ons, want dit is amper aand en die dag het gedaal; en Hy het ingegaan om by hulle te bly. En toe Hy met hulle aan tafel was, neem Hy die brood en dank; en Hy breek dit en gee dit aan hulle. <u>Toe is hulle oë geopen</u> en hulle het Hom herken, en Hy het uit hulle gesig verdwyn.**

Ek glo dat hulle geestelik beter kon onderskei nadat hulle die gebreekte brood geëet het. Hulle geestes oë is geopen. Ek het dit verseker in my lewe ondervind deurdat ek daaglikse die nagmaal gebruik. Die Heilige Gees Gawe van onderskeiding van geeste werk sterker as tevore omdat ek, deur elke dag die brood te breek, nader aan Jesus beweeg.

2. <u>DIE KANANESE VROU SE GELOOF.</u>

`n Ander verhaal wat die brood insluit word in Matt.15:21-28 gevind, waar die Kananese vrou na Jesus gekom en Hom gesmeek het om haar dogter te genees.

<u>Mat.15:21-28: En Jesus het daarvandaan weggegaan en na die streke van Tirus en Sidon vertrek. En `n Kananèse vrou het van daardie gebied gekom en na Hom geroep en gesê: Wees my barmhartig, Here, Seun van Dawid! My dogter is erg van die duiwel besete. Maar Hy het haar nie `n woord geantwoord nie. Toe kom Sy dissipels nader en vra Hom en sê: Stuur haar weg, want sy roep agter ons aan. Maar Hy antwoord en sê: Ek is net gestuur na die verlore skape van die huis van Israel. Daarop kom sy en val voor Hom neer en sê: Here, help my! Maar HY antwoord en sê: Dit is nie mooi om die brood van die kinders te neem en dit vir die hondjies te gooi nie. En sy sê: Ja, Here, maar die hondjies eet darem van die krummels wat van die tafel van hulle base afval. Toe antwoord Jesus en sê vir haar: o Vrou, groot is jou geloof, laat dit vir jou wees soos jy wil hê. En haar dogter het gesond geword van daardie uur af.</u>

Jesus het haar gewys dat die brood van genesing vir God se kinders is, maar weens haar volharding om tog net van die krummels te kry, het Jesus dit vir haar gegee. Hierdie vrou sou tevrede gewees het met Die krummels van die Lewende Brood is die simbool van Jesus Self. Haar dogter was van daardie uur af gesond.

3. <u>JESUS DIE TOONBROOD.</u>

In die Ou Testament lees ons in **Ps. 23:5: U berei die tafel voor my aangesig teenoor my teëstanders.** Die tafel [nagmaal] is vir ons voorberei en as ons dit gebruik soos voorgeskryf, is

(Vervolg of Bl. 4)

dit `n magtige wapen teen die vyand.

Ons lees In **Ex. 25:30** dat God Israel die volgende opdrag gegee het: **En op die tafel moet jy ALTYDDEUR toonbrood voor my aangesig neersit.** Hierdie brood was `n voortdurende dankoffer aan God, **(Doen dit dikwels ter gedagtenis aan My**) en daarna is verwys as die brood van "teenwoordigheid",wat God se teenwoordigheid in die Allerheiligste aangedui het. Dit was simbolies van Christus Self - vir ewig lewend en aan Wie ons daagliks deel kan hê. Die toonbrood moes altyd vars wees. Wyn en wierook is saam met die brood geoffer. Die wyn simboliseer die Bloed van Christus, die wierook; ons lofprysing, aanbidding en dankbaarheid

4. **<u>JESUS DIE LEWENDE BROOD.</u>**

God het manna aan die Israeliete in die woestyn voorsien, en ons weet ook dat hulle dit elke dag moes optel. Dit was God se voorsiening aan hulle as brood uit die hemel. Jesus het Homself met hierdie manna vergelyk. In **Joh:6:28** het Jesus se dissipels aan Hom gevra: **Wat moet ons doen <u>om die werke van God te volbring?</u>**

Toe aan Jesus in vers 28 gevra is hoe hulle die krag kon kry om die werke van God te doen, het Hy dadelik gesê dat hulle eerstens in Hom moet glo, Jesus, (v29) die ware brood uit die hemel, (v32) die Brood van God wat lewe gee (v34) wat altyd (elke dag) , hierdie lewe gewende brood gee. (v35) **Ek is die brood van die lewe; wie na My toe kom, sal nooit honger kry nie; en wie in My glo, sal nooit dors kry nie.**

Joh.6:47-58: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie in My glo, het die ewige lewe. Ek is die brood van die lewe.Julle vaders het die manna in die woestyn geëeten en het gesterwe.Dit is die brood wat uit die hemel neerdaal, sodat iemand daarvan kan eet en nie sterwe nie.Ek is die lewende brood wat uit die hemel neergedaal het. As iemand van hierdie brood eet, sal hy lewe tot in ewigheid. En die brood wat Ek sal gee, is my vlees wat Ek vir die lewe van die wêreld sal gee. Die Jode het toe met mekaar gestry en gesê: Hoe kan Hy ons Sy vlees gee om te eet?En Jesus sê vir hulle: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, as julle nie die vlees van die Seun van die mens eet en sy bloed drink nie, het julle geen lewe in julleself nie.Hy wat my vlees eet en my bloed drink, het die ewige lewe, en Ek sal hom opwek in die laaste dag.Want my vlees is waarlik spys, en my bloed is waarlik drank.Wie my vlees eet en my bloed drink, bly in My en Ek in hom.Soos die lewende Vader My gestuur het, en Ek deur die Vader lewe, so sal hy wat My eet, ook deur My lewe.Dit is die brood wat uit die hemel neergedaal het – nie soos julle vaders die manna geëet en gesterwe het nie; wie hierdie brood eet, sal tot in ewigheid lewe!

Ek wil julle aandag op **vers 51** vestig: **Ek is die lewende brood wat uit die hemel neergedaal het. As iemand van hierdie brood eet, sal hy lewe tot in ewigheid. EN DIE BROOD WAT EK SAL GEE IS MY VLEES….** Sy vlees, ons daaglikse brood, wat aan ons die lewe sal gee net soos die manna dit aan die Israeliete gegee het, elke dag nuut.

Ek glo vas dat die Kerk herstel sal word tot dieselfde plek waar Jesus die sewentig uitgestuur het (soos in Luk.10 beskryf) en soos hulle in pare uitgaan, sal hulle die evangelie verkondig, duiwels uitdryf, melaatses reinig, dooies opwek en siekes genees sodat mense in ons dorpe en stede sal besef dat die Koninkryk van God naby gekom het. Hulle sal saam met gelowiges wat genesing en onderskraging nodig het, brood breek in huise en hospitale en hulle wat begeer om Jesus Christus aan te neem, en die Goeie Nuus van wat Hy vir hulle sondes en siektes gedoen het. Hulle sal onmiddellik deel kan hê aan die brood en wyn, omdat hulle geglo het. Ek het al baie persone gesien wat genees en bevry is van allerhande siektes, fisies en emosioneel, wanneer hulle op `n waardige wyse en in geloof nagmaal gebruik het. Dit is Jesus Christus wat die Geneesheer is.

Kan jy jou voorstel hoe `n gemeente sou wees waar elke gesin daagliks brood sou breek, soos ek dit nou beskryf het? Eerstens glo ek dat siektes grootliks sou verminder. In die tweede plek sou familietwis en verhoudings probleme tot die minimum beperk wees, omdat families en getroude pare mekaar daagliks vergewe voordat hulle saam die brood breek!

Die Herder (Pastoor) sal meer tyd hê om op die Here te wag en die Woord te bestudeer, sodat hy die skape kan toerus om uit te gaan en siele vir Jesus te wen! Daar sal nie tyd gemors word om wanverhoudings en probleme tussen gemeentelede uit te sorteer nie, omdat daarmee by die huis gedeel is, voordat nagmaal gebruik is.

Hoe gouer ons opgebou en volwasse in Christus is en die bevele van Jesus gehoorsaam, hoe gouer sal ons kan uitgaan en siele vir God se Koninkryk wen! Om Jesus se kruisdood te onthou en die voordele daagliks te verkondig tot Hy weer kom, hou ons oë op Hom en weg van andere se tekortkominge, asook ons eie kleinlike griewe.

Jesus se verminkte liggaam aan die kruis het vir al ons siektes, kwale, pyne en gebreke betaal en Sy Bloed vir ons verlossing.

Hy was en is steeds die versoening vir ons sondes. Hy het aan ons mag gegee oor die magte van die duisternis en het die ewige lewe vir ons moontlik gemaak. Dit is verseker die Goeie Nuus wat DAAGLIKS aan die skepping verkondig moet word, totdat Hy weer kom. HY HET DIE VOLLE PRYS BETAAL. ·

Unbelief and Scepticism

Unbelief and scepticism are probably the two main causes which prevent people from receiving their healing. We also find some receive their healing, but soon afterwards lose it for the same reason. Bearing this in mind, let us consider the ministry of Jesus.

In **Mark 6** we read that Jesus visited His home town and in **verses 5 & 6** we read that **He could not do any miracles there, except lay His hands on a few sick people and heal them, and He was amazed at their lack of faith.**

We read that people were not healed because of their unbelief and we must take careful note of this because, just as unbelief hindered them from receiving their healing, it can also stand in the way of our healing. Their unbelief stopped the miracle- working power of God from being effective in their lives.

What happened when Jesus appeared in the synagogue in His hometown, Nazareth? The Bible tells us that the book of the prophet Isaiah was handed to Jesus and He began to read: **The Spirit of the Lord is upon Me because He has anointed Me to preach good news to the poor. He has sent Me to proclaim freedom for prisoners and recovery of sight for the blind, to set free the oppressed, to proclaim the year of the Lord's favour (Luke 4: 18 & 19).** If Jesus had stopped there and said nothing further, He may still have remained a friend of the Nazarenes. However He went on to say to them in **verse 21: Today this scripture is fulfilled in your ears.**

The Jews of Nazareth were very religious, just as many people are today, but you can be "religious" and still walk in darkness. We need to have true Spiritual perception, which is in line with God's Word. Over the centuries religious people have remained the same. They do not mind speaking about how the mighty power of God worked in days of old, or about what God is going to do in the future, but do not dare speak to them about present day miracles of healing!

Jesus brought the good news to **those in the synagogue. The prophecy** spoken by Isaiah many years previously came to pass on that day because the One who was anointed to preach the good news and to heal the sick was in their midst! However, the people of Nazareth did not receive it as such, because it did not line up with their traditions!

We find even today, many religious people who are ever so touchy when they hear something contrary to that which tradition has taught them. This applies even when you are ministering the pure Word of God to them!

Jesus offended most religious leaders He encountered, because He did not teach in line with their traditions. Jesus told the people that they *nullified the Word of God because of their traditions!* **(Matt. 15: 6)** Everything that Jesus did to set people free in Nazareth, went against their traditions. According to them He either healed people on the wrong day of the week, or He didn't do it the right way – everything was wrong and the people wanted to kill Him because He had offended them! The people cried out and asked: **Who is this Jesus? Isn't He the son of Joseph?**

People have said the same about Doc James: "Who is this James van Zyl? We have known him for many years here in Stanger and he is not a theologian, only a medical doctor. Why should we listen to what he says?"

The truth is that when the Lord saved his soul and filled him with His Holy Spirit in 1975, He took the Bible and simply read it in child-like manner, believing every word he read, and acting upon it. When the Bible says that Jesus was born of a virgin, he simply believed that fact. When it says, that Jesus was crucified and died on a cross, he simply believed that fact. When it said that Jesus rose again after three days, he simply believed the Word. Today these facts are being disputed, debated and discussed amongst theologians, and as far as I am concerned, when God has made a statement in His Word, no discussion or interpretation is necessary, only simple obedience in faith. This is why, when Doc. read in His Word, **"Those who believe shall lay hands on the sick, and they shall recover." (Mark 16),** He simply believed this fact and acted upon it, and God honoured His Word which resulted in a healing ministry, which still continues for His glory!

Men of God all over the world are doing precisely what Jesus did during His ministry here on earth because this is the way that the disciples were taught to show God's power to the world so that people would believe in Jesus. The power of God operates today in exactly the same way it did in Jesus' time. We read in **Mark 16:20** after Jesus had ascended to His Father: **And they (the disciples) went out and preached every where, the Lord working with them and confirming the Word through the accompanying signs and wonders.**

Just as the Spirit of God was upon Jesus then, so today ordinary believers filled with the Holy Spirit are commanded to do likewise, which is the will of the Father. Jesus declared in **John**

(Continued on page 6)

14:12: "Most assuredly, I say to you, he who believes in Me, the works that I do he will do also; and greater works than these he will do, because I go to My Father."

Jesus did not go around telling people that He was the Messiah or that He was the Son of God. Jesus simply said: **The Spirit of God is upon Me and has anointed Me…** The people who accepted that Jesus was anointed of God to heal the sick, received healing. However those who *did not receive Jesus* and who *did not believe* that He came from the Father, were not healed because they were unwilling to *receive the Messiah, God's Anointed Son*. In fact the word "Christ" means the "Anointed One". There is only one Christ and ONE ANOINTED ONE.

If people receive Jesus then they receive the Father. In Nazareth, however, they did not. Instead they asked: "Who does He think He is?" Jesus was the Christ, the one who was anointed of God to heal, deliver and set free and He said in **Matt. 28:18-19: All power is given unto Me in heaven and in earth. Go ye therefore and teach all nations.** This authority on earth has been entrusted to His disciples, which includes us, today. Jesus also said in **Luke 10: 16: He who listens to you listens to Me, he who rejects you, rejects Me, but he who rejects Me rejects Him who sent Me**. It is important to realise that Jesus Christ alone is the Anointed One, but His power through the Holy Spirit and the authority in His Name has been given to us as believers, and the Holy Spirit works in and through us as we are obedient to Him. Be ready to receive a true man of God whose message lines up with the Word, for then you are receiving the Father who wants you to trust Him enough to partake of all the good things He has for you, including healing.

There was once a young girl who came up for prayer. She had one good ear and one deformed ear, which was deaf. Doc. prayed for her and God healed her. he tested the "deaf" ear and she could hear. However, her mother was in the congregation and because she was sceptical about divine healing, her critical remarks caused her daughter to lose her healing through the breaking down of her faith, which led to unbelief.

The theologians in Jesus' time did not believe, and we read in **John 10:37 & 38: Do not believe Me unless I do what My Father does. But if I do it, even though you do not believe Me, believe the miracles, that you may learn and understand that the Father is in Me, and I am in the Father.**

Do you understand now why it is so important that we know the Word of God? God has a plan of action and if we do not study the Bible, how will we know what that plan is! Unfortunately, many of our churches over the years have taught us only half the truth, and as a result we have missed God's best for our lives. However, when we come to trust Him as He deserves to be trusted we will come to experience His miracle-working power in our lives – it is never too late to repent of our unbelief and turn to Him in faith! Have an expectant heart! Remember that miracles from God don't take place where the Word of God is compromised, or watered down, but only where men of God confidently proclaim the Word, act upon the truth, and are guided and led by the Holy Spirit. Do you experience miracles in your church today, if not, are you satisfied with serving God in a dead church?

Jesus said: If you love Me, you will keep My commands. He also said, **John 14:15: If you love Me, keep My commandments**. **John 14:21: Whoever has My commands and obeys them, He is the one who loves Me, I will love him and reveal Myself to him. John 15:10: If you obey My commands, you will remain in My love, just as I have obeyed the commands of My Father. John 15:14: You are My friends if you do what I command.**

In the early church the commands of God were very clearly understood and acted upon by the believers, why is it then that the church of today only teaches half of the gospel; salvation of the soul, and rejects the other half, healing?

Jesus cautioned the disciples, saying that they must not waste time with people who don't want to listen, because the harvest is great but the labourers are few, and they should rather move on to those who are receptive to the truth of God's Word.

Matt. 10:14: If anyone will not welcome you or listen to your words, shake the dust off your feet when you leave that house or town. We read in **Acts 13:51** of Paul and Barnabas who experienced this very reaction, and the Word tells us that they shook off the dust from their feet against them, and went on to Iconium. "Dust" here is symbolical of hatred, frustration and other bad attitudes, and if we walk around with these things in our heart we will not be of much use in the Kingdom of God. God commands us to forgive, otherwise He cannot forgive us. If we hold on to unforgiveness then God cannot work through us.

We personally experienced this situation when we visited towns where certain sections of the community had been warned by their ministers not to attend any of our meetings. God helped us to love these people and to pray earnestly for them, but we had to act upon His command and shake the dust off our feet and allow them to remain in the fetters of traditionalism, because there are thousands of others who really-

want salvation and healing. Jesus refers to people like these and their blind leaders **in Luke 6:46** where He says: **Why do you call Me Lord! Lord! And do not do as I say.** It is important to read verses **47; 48 and 49** as well.

Luke 6:17-19: Jesus went down with them and stood on a level place. A large crowd of His disciples were there and a great number of people from all over Judea, from Jerusalem and from the sea coast of Tyre and Sidon, who had come to hear Him and to be healed of their diseases. Those troubled by evil spirits were cured, and the people all tried to touch Him because power was coming from Him and HEALING THEM ALL.

People had come with expectation in their hearts – to be healed of their diseases. They did not come to judge or to criticise, they came wanting to be healed, and because of this Jesus was able to heal them all.

However, the gospel that is taught from so many pulpits today is that God puts sickness and disease upon you to make a better Christian of you. This is not good news, it is BAD NEWS! The person who teaches this is contradicting the Word of God and is being disobedient to His command to minister the Good News.

Any church or person who rejects divine healing, or says that God places sickness on people, teaches a doctrine which is not in line with the Bible, and in teaching this doctrine makes whatever else they teach questionable!

John 15:6-11:If anyone does not remain in Me, he is like a branch that is thrown away and withers. Such branches are picked up, thrown into the fire and burned. If you remain in Me and My words in you, ask whatever you wish and it will be given you. This is to My Father's glory that you bear much fruit, showing yourself to be My disciples. As the Father has loved Me, so have I loved you. Now remain in My love. If you obey My commands you will remain in My love, just as I have obeyed My Father's commands and remain in His love. I have told you this that My joy may be in you and that your joy may be complete.

Jesus Christ's great commission to the church was to *preach the Gospel, the Good News to all nations.* When this Good News is preached, people are encouraged to trust God to meet their needs and to heal them.

Faith rises in their hearts. When the Good News is preached, you can be sure that signs and wonders will follow because Jesus will confirm His Word! **And they went forth, and preached everywhere, the Lord working with them, and confirming the Word with signs following. Amen (Mark 15:20).**

I want to end on this joyful note: **Healing is for all and this includes you! This is God's will.**

UIT ONS KANTOOR

JY MAAK SAAK VIR GOD!

Ons as gelowiges, is nie in die duister aangaande die feit dat ons in die laaste dae van die eindtyd leef, soos in die Bybel voorspel is! Ons kan net rondom ons kyk om die tekens van die laaste dae van die eindtye, volgens God se profetiese Woord, te sien! Om die dringendheid van die tye te herken, is een ding, maar vir ons om te weet, wat om met hierdie inligting te doen en hoe om daarop en daarvolgens te reageer, is `n ander saak!

Ek glo dat daar vier sake is wat as die belangrikste eindtyd prioriteite beskou kan word, en ek wil dit net kortliks noem.

Prioriteit nommer een, is Jesus se bevel aan Sy dissipels – Sy laaste woorde voordat Hy opgevaar het na die regterhand van Sy Vader in **Mark. 16:15-16: En Hy het vir hulle gesê: Gaan die hele wêreld in en verkondig die evangelie aan die ganse mensdom. Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word; maar hy wat nie glo nie, sal veroordeel word.**

Ons behoort na die verlorenes uit te reik soos nooit tevore nie. Die tyd is kort, en enigeen wat nog nie Jesus as hul persoonlike Verlosser aangeneem het nie, gaan `n aaklige ewigheid tegemoed. Laat hierdie ons eerste prioriteit wees. Bid vir die verlorenes, julle verlore familie, vriende, bure ens. Reik uit na hulle met die Evangelie in woord en daad. Gee aan hulle `n boek, wat vir hulle van die Here vertel. Reik na hulle uit met die Goeie Nuus dat Jesus red, genees, verlos en in hul behoeftes sal voorsien. Die Bybel vertel in **Rom. 11:25: Want ek wil nie hê, broeders, dat julle hierdie verborgenheid nie moet weet nie, sodat julle nie eiewys mag wees nie: dat die verharding ten dele oor Israel gekom het totdat die volheid van die heidene ingegaan het.** Daar is `n bepaalde tyd in God se plan waartydens die heidene (nie Jode) God se plan van verlossing in Jesus kan ontvang. Dan sal Hy die Jode se oë open en hul harte versag en hulle sal Jesus as hul Messias ontvang. (Lees die hele hoofstuk van Romeine 11).

Hierdie bring ons dan by die tweede prioriteit. Ons moet vir God se land Israel bid, en vir die Joodse volk. God belowe om diegene te seën wat vir Israel seën en die nasies te oordeel wat teen Israel is. Die Bybel vertel aan ons dat ons, as heidene, ver van God af was, sonder hoop, omdat God met die Jode Sy verbonde gemaak het, aan hulle is die Woord van God deur die profete en uitverkore mans in die Ou Testament, gegee. Jesus die Messias is `n Jood. Ons is baie dank verskuldig, aan die Joodse volk. Ons lees in **Ef. 2:12: Dat julle in diè tyd sonder Christus was, vervreemd van die burgerskap van Israel en vreemdelinge ten aansien van die verbonde van die belofte, sonder hoop en sonder God in die wêreld.** As ons deur God geseën wil wees, moet ons die land Israel en volk seën, bid vir die vrede van Jerusalem en moet nooit vergeet dat as heidense gelowiges in die Joodse Messias, Jesus

Christus, ons wortels Hebreeus is.

`n Derde prioriteit is die gelykenis wat deur Jesus in Mat. Hoofstuk 25 vanaf vers 31 – 46 vertel is. Dit handel oor die hongeriges, naaktes en siekes. Dit is interessant om daarop te let dat Jesus hierdie gelykenis vertel het net voordat Hy verraai en gekruisig is. Dit beklemtoon beslis die belangrikheid van diè gelykenis. Regdeur die Bybel bewys ons Hemelse Vader Sy besorgdheid vir die weduwee, die wees en die vreemdeling. Hy is `n genadige God en verwag van Sy kinders om dieselfde genade en meegevoel te betoon, asook om te gee, netsoos Hy maak. Jakobus stel dit as volg in **Jak.2 verse 15-16: As daar nou 'n broeder of suster naak is en aan die daaglikse voedsel gebrek het, en een uit julle sou vir hulle sê: Gaan heen in vrede, word warm, word versadig, maar julle gee hulle nie wat vir die liggaam nodig is nie – wat baat dit?** Dan skryf **Jesaja** ook in **hoofstuk 58 vers 7**, waar hy praat van die vas wat God verwag: **Is dit nie dat jy jou brood breek vir hom wat honger het, en ellendiges, swerwelinge in die huis inbring nie? As jy iemand sien wat naak is, dat jy hom klee, en jou vir jou eie vlees nie verberg nie?** Lees Jesaja 58 verse 1 tot 12. Hoe wonderlik sal dit nie wees, wanneer ons eendag saam met ons Koning in die hemel is, om Hom aan ons te hoor sê, **Voorwaar Ek sê vir julle, vir sover julle dit gedoen het aan een van die geringstes van hierdie broeders van My, het julle dit aan My gedoen.**

`n Vierde prioriteit in hierdie eindtye, is dat ons voorbereid moet wees vir die koms van ons Here Jesus Christus op die wolke. Ons moet gereed wees om ons Bruidegom in die lug te ontmoet, wanneer die geluid van die trompet gehoor word **(1 Kor. 15:52 en 1 Thess. 4:15-17)**. Elke Bruid neem tyd en wend `n poging aan ter voorbereiding vir haar huwelik en ons, as die Bruid van Christus behoort opgewonde onsself reg te maak vir hierdie groot dag! Dit gaan alles oor heiligmaking en ons lees in **1 Thess. 5:23: En mag Hy, die God van die vrede, julle volkome heilig maak, en mag julle gees en siel en liggaam geheel en al onberispelik bewaar word by die wederkoms van onse Here Jesus Christus!** Die Woord vertel aan ons dat ons nie die dag of uur weet van Jesus se wederkoms nie, en dit is nog meer rede vir ons om altyd gereed te wees!

My gebed is dat ons Hemelse Vader, in hierdie laaste dae, ons aanhoudend sal herinner aan hierdie deurslaggewende sake.

Ons liefde en dankbaarheid gaan uit na julle almal en ons dank julle vir jul gebedes, ondersteuning en getrouheid, wat ons in die diens van ons Hemelse Vader en ons Here Jesus Christus hou. As dit die wil van God is, het ons ons voorgeneem om ferm en onwrikbaar in ons diens aan Hom te staan totdat Hy kom, en met julle liefde en aanmoediging is ons `n span!!!

Mag die Here u ieder en elk oorvloedig seën.

Liefde groete in die wonderlike Naam van Jesus Christus.

Meg en die Gebedspan

UIT DIE SKATKIS

Die HERE sal vir julle stry, en julle moet stil wees (Ex. 14:14).

- Die Een wat die winde en golwe beveel is aan jou kant.
- Wanneer ons geen krag in onsself oor het nie, sal Hy vir ons veg.
- Soms probeer ons te veel dinge in ons eie krag.
- Laat ons stil wees en rus in Sy vermoë om die deurbraak te maak en oorwinning.

GEBED: Here op hierdie oomblik kies ek om stil te wees en rus met vertroue in die werk wat U besig is om te doen. Ek gee my gevegte en probleme oor in U bekwame hande. Amen.

KENNISGEWING

Ons het `n lys beskikbaar van boeke en Cd's met hul pryse. Indien u meer inligting verlang oor wat beskikbaar is of `n bestelling wil plaas, kontak ons asseblief sodat ons die lys na u kan faks of E-pos. Dit het ook volledige inligting hoe om `n bestelling te plaas, bank inligting ens.

Ons E-pos adres is: stangerchristiancentre@gmail.com en ons faks nommer is: 032:5525411. Ons het ook `n internet adres en dit is: www.stangerchristiancentre.com, u kan al ons boeke daarop sien en hulle kosteloos aflaai.

Ons Bankbesonderhede : Stanger Christian Sentrum, Eerste Nasionale Bank, 53730091667, Kode: 220129

"DIE FEESTYE VAN DIE HERE" - Boek 51 teen R20.00

